ALGEMENE KENNISGEWING 129 VAN 2022

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM DORPSTIGTING, OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES EN ONDERVERDELING OP 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 100 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 2) VAN DIE PLAAS NOOITGEDACHT 434, REGISTRASIE AFDELING I.P., NOORDWES PROVINSIE

Ek, Koot Raubenheimer (ID Nr: 700305 5192 08 9), van die firma Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07) synde die gemagtigde agent van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit (NW403), die eienaar van Gedeelte 100 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Nooitgedacht 434, Registrasie Afdeling I.P., Noordwes Provinsie, gee hiermee ingevolge Artikel 94(2)(a) van die Stad van Matlosana Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Munisipale Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2016, kennis dat ek aansoek gedoen het by die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit (NW403) ingevolge die bepalings van:

- Artikel 67(2) van die Stad van Matlosana Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Munisipale Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2016, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) vir die onderverdeling van Gedeelte 100 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Nooitgedacht 434, Registrasie Afdeling I.P., Noordwes Provinsie in twee (2) gedeeltes (insluitend die restant van die eiendom).
- Artikel 56(1) van die Stad van Matlosana Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Munisipale Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2016, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) en Hoofstuk IV van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) vir dorpstigting op 'n gedeelte van Gedeelte 100 (' n gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Nooitgedacht 434, Registrasie Afdeling I.P., Noordwes Provinsie soos volg:
  - Voorgestelde dorp Kanana Uitbreiding 16 bestaande uit Erwe 25413 tot 27714 en wat voorsiening maak vir 2290 erwe gesoneer "Residensieel 1", 2 erwe gesoneer "Besigheid 1", 6 erwe gesoneer "Institusioneel", 1 erf gesoneer "Industrieel 1" en 3 erwe gesoneer "Openbare Oopruimte" en die gepaardgaande publieke strate wat gesoneer sal word as "Bestaande Openbare Paaie";
- Artikel 63(2) van die Stad van Matlosana Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Munisipale Verordening op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2016, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) vir die opheffing van voorwaardes V.1 tot V.10 vervat in Akte van Transport T44091/1973.

Die voorgestelde ontwikkeling/dorpsgebied is geleë ten noorde van die bestaande Kanana Uitbreidings 14 en 15 dorpsgebiede en is geleë direk aanliggend en ten weste van Provinsiale Pad P150-1 (Leemhuisstraat).

Besonderhede van die aansoek en ondersteunende dokumentasie lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Rekords Afdeling van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit, Kelder Verdieping, Burgersentrum, Klerksdorp, hoek van Bram Fisher- en OR Tambostraat, Klerksdorp, vir 'n tydperk van 30 dae vanaf 25 Januarie 2022.

Kommentare, besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek, saam met die redes daarvoor, moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 25 Januarie 2022 skriftelik, of mondelings indien die beswaarmaker nie kan skryf nie, by of tot die gemagtigde agent en die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 99, Klerksdorp, 2570, ingedien of gerig word. Die sluitingsdatum vir die indiening van kommentaar, beswaar of vertoë is 24 Februarie 2022. Enige persoon wat nie kan skryf nie mag gedurende kantoorure die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit besoek, waar 'n aangewese amptenaar van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit (Mnr. Danny Selemoseng 018-487 8300) daardie persone sal bystaan deur die kommentaar, beswaar of vertoë te transkribeer.

Adres van gemagtigde agent: MAXIM PLANNING SOLUTIONS (EDMS) BPK (2002/017393/07), EENHEID 35 CORPUS NOVEM KANTOORPARK, DR. YUSUF DADOOLAAN 35, WILKOPPIES, KLERKSDORP, 2571, POSBUS 6848, FLAMWOOD, 2572, TEL: (018) 468-6366, e-pos: koot@maxim.co.za (8/4/19/K/T)

25-01